VERGADERINGS: Hierdie week se vergaderings:

2/3 – EBR (Erediens)
4/3 – ABR (Admin) ALLE VERGADERINGS BEGIN 18:00

Volgende Maandag 9/3 - Ouderlinge

VERAARDAE:

Verjaar	Noemnaam	Van	Lidmaatstatus	Landlyn	Selfoon
03/02	Soné	Du Plessis	Belydend		0847318183
03/02	Hannetjie	Kruger	Belydend	0169714242	
03/03	Austin	Du Plessis	Doop		0847318183
03/04	Tommie	Bezuidenhout	Belydend		0828866822
03/04	Louisa	Kruger	Belydend	0169761558	0662154065

Entrepreneurshoekie:

Stuur gerus versoeke vir bekendstelling in na Colleen: admin@gksasolburg.co.za
So dikwels as wat ons kan maak ons plek daarvoor. Die doel is ook dat ons mekaar beter kan leer ken.

Semone Pienaar - 084 6426597: For all your Annique Rooibos Products or to become a Consultant.
Aileen Gouws (082 333 1333) pas graag jou huis en diere teen vergoeding op as jy met vakansie of naweek weg is! Ook:
"Sien jy die volgende in jou kind?
- aandag word maklik afgelei/vergeetagtigheid
- sukkel om instruksies deur te voer/huiswerk klaar te kry
- vroetel/kan nie stilsit op een plek nie/onrustigheid
- uitskree van antwoorde voordat vrae klaar gevra is/onderbreek ander as hulle praat
- ongeduldigheid/humeuragtigheid

Kontak my om inligting te verkry oor Biolink Attention Training Aileen 0823331333"
Annetjie van der Westhuizen (0795435627) help met spyseniering, onthale.
Alet Koekemoer (0767338019) voorbereiding van maaltye en heerlike soppe vir die winter.
Werner Roos (0834466395) doen installasie van lugversorgers, dienste en herstelwerk.
Calvin Kotzé (0766037914) skilder baie goed. Hy maak 'n skildery wat by u kleurskema inpas. Kontak hom gerus.
Freda Redelinghuys (0826595523) maak spookasem vir enige geleentheid en bak die heerlikste beskuit.

(Indien u u naam wil verwyder/byvoeg, kontak gerus ook vir Colleen)

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

1 Maart 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar:	**Marcel Floor 0828285811**
Admin:	Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad:	www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid:	Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue:	PJ Gouws – 079 492 8404
Koster:	Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor:	Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK D
Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: Thusofonds

MEELEWING

- ♥ Ons is saam met Trevor Viljoen dankbaar dat dit beter met hom gaan. Ons bid steeds vir sy herstel
- ♥ Ons vra asseblief ook voorbidding vir die Ons Gryse Jeug Sentrum wat tans bestuurs probleme ondervind.

STUDENT: MARTEN BOERSEMA

Baie welkom aan Marten Boersema wie vanoggend die diens lei. Marten het die week saam met Marcel spandeer en bietjie meer geleer oor die bediening.

Woordbediening

Numeri 13:26-14:25
Fokus: Num 14:11; 17-18
Num 14: 11: Die Here het vir Moses gesê: "Hoe lank sal hierdie volk my almag bly onderskat? Hoe lank sal hulle weier om op My te vertrou ten spyte van al die wonders wat Ek onder hulle gedoen het.
Num 14: 17-18: Laat u groot mag nou bekend word, Here, soos U gesê het: "Ek, die Here, is lankmoedig en vol liefde; Ek vergewe ongeregtigheid en oortreding, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders die sondes van vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag.

TEMA:

GOD SAL VERHEERLIK WORD, DAAROM KAN ONS OP HOM VERTROU.

Ons plaas ons vertroue op soveel wankelrige plekke. Die HERE leer ons om ons vertroue in 'n vaste plek te plaas, in Hom self! Ons kan vertrou dat Hy ons sal red want Hy het dit belowe en sy beloftes staan vas. Sy beloftes staan vas want deurdat Hy sy beloftes waar laat word, word Hy verheerlik.

1. Sy krag sal verheerlik word, deurdat Hy genadig is aan 'n volk wat dit allermins verdien.

2. Sy geregtigheid sal verheerlik word deurdat Hy die ongelowiges uitroei en nie hulle ongeloof duld nie.

3. Ons kan dus op Hom vertrou. Ons kan glo dat Hy sy beloftes sal vervul, want dit verheerlik Hom. Ons kan rus vind in sy karakter.

Vlamvat!

kommunikasie

Verlede week se antwoord:

HOEKOM 'N WAPENDRAER?

Die Verband tussen Wapendraers, Gemeenteleiers, Leraars en die Gebede van Lidmate

Soos wat die leëraanvoerders staatgemaak het op hulle wapendraers om die skilde op te lig en die vyand se pyle af te keer, so steun die leraar(s) en ander gemeenteleiers op die gebede van God se mense om hulle teen die "brandpyle" van die bose te beskerm (Ef. 6:16). Die apostel Paulus pleit by christene om vir hom te bid (Rom. 15:30; Ef. 6:19; Kol. 4:3; 1 Tess. 5:25; 2 Tess. 3:1; Hebr. 13:18).